# PRAATJIES OOR ONS TAAL

# Praatjies oor ons Taal

DEUR

DR. J. J. LE ROUX

Professor aan die Natalse Universiteitskollege

NASIONALE PERS, BEPERK

Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth

1939.

# VOORWOORD

Die werkie wat die leser hiermee aangebied word bestaan uit 'n aantal radiopraatjies wat van tyd tot tyd gedurende die loop van etlike jare deur die Durbanse en Pietermaritzburgse senders uitgesaai is. Hulle word, met uitsondering van enkele kleiner redaksionele wysiginge, afgedruk soos gelewer.

Die leser sal begryp dat die aard van die praatjies bepaal moes word deur die omstandighede waaronder hulle gehou is. Deur die noodwendige tydsbeperking is dit gewoonlik onmoontlik om 'n onderwerp terdeë uit te put. Daar hulle vir die algemene publiek bedoel was, is dit vanselfsprekend dat die los geselstoon die mees geskikte vorm was om die praatjies in te giet en dat tegniese terme so ver as moontlik vermy moes word. Aan hierdie geselstrant wou ek by die publikasie nie graag iets verander nie. 'n Al te strenge indeling van die stof het nie tot die moontlikhede behoort nie, en ek vertrou dat die leser 'n bietjie herhaling hier en daar verlief sal neem.

Die doel wat ek my steeds voor oë gehou het was om suiwer insigte, in ooreenstemming met die moderne taalwetenskap en deur eie oordenking en navorsing toegepas op Afrikaans, in breër kringe ingang te laat vind. Ek vertrou dus dat hierdie werkie van nut sal wees, nie alleen vir onderwysers en studente nie, maar vir ieder wat belangstel in ons taal. Ook koester ek die hoop dat dit mag aanspoor tot verder studie en ondersoek. Met die oog daarop is aan elke praatjie 'n kort bibliografie toegevoeg. By die opstel daarvan het ek getrag om die lysies so kort as moontlik te hou en my keuse so ver as moontlik te beperk tot wat maklik toeganklik is vir die Afrikaanse leser.

Ten slotte wens ek my dank vir verlof tot publikasie uit te spreek aan die Durbanse Ateljeebestuur en aan *Die Huisgenoot* en *Die Saamwerk* waarin verskeie van die praatjies tevore afgedruk was.

Pietermaritzburg, DIE SKRYWER.
Augustus 1939.

## INHOUD


| | | Bls. |
|---|---|---|
| 1. | Die Studie van Afrikaans | 1 |
| 2. | Is Afrikaans 'n Taal? | 8 |
| 3. | Die Plek van Afrikaans onder die Tale van die Wêreld | 15 |
| 4. | Iets oor die Afrikaanse Taalgeskiedenis | 21 |
| 5. | Is Afrikaans 'n Mooi Taal? | 28 |
| 6. | Hoe Leer Ons Praat? | 33 |
| 7. | Verskeidenheid in Ons Taal I (Dialekte) | 40 |
| 8. | Verskeidenheid in Ons Taal II (Plaaslike Verskille) | 48 |
| 9. | Verskeidenheid in Ons Taal III (Sosiale Struktuur) | 54 |
| 10. | Ons Woordeskat (Oorerwing en Ontlening) | 61 |
| 11. | Ou en Nuwe Woorde in Afrikaans | 69 |
| 12. | Anglisismes | 76 |
| 13. | Betekenis en Betekenisverandering | 82 |
| 14. | Sinonieme | 89 |
| 15. | Beeldspraak | 95 |
| 16. | Verkleinwoorde | 102 |
| 17. | Die Woordjie „Ou" | 109 |
| 18. | Funksie en Funksieverandering | 114 |
| 19. | Wat is 'n Taalfout? | 121 |
| 20. | Die Uitspraak van Afrikaans | 126 |
| 21. | Ons Spelling | 132 |
| 22. | Die Gebruik van Leestekens | 139 |
| 23. | Die Vorme van die Afrikaanse Werkwoord | 144 |
| 24. | Moet elke Sin 'n Werkwoord hê? | 151 |